

PRE-PRIMÊRE SKOOL SENEKAL

BOELIEBELEID

Hierdie beleid is van toepassing op laerskole. Aangesien gedragpatrone reeds by kleuters gevorm word, word die toepassing hiervan by ons kleuterskool se ouderdom kinders en die aktiwiteite van ons skool, aangepas.

1. INLEIDING

Boeliegedrag is 'n universele probleem.

'n Wanpersepsie by huise en in die gemeenskap bestaan dat dit maar DEEL VAN DIE GROOTWORDPROSES IS !!

"Might is right. It is good to be able to dominate others. To be dominated by others is shameful. You should never complain about illtreatment by others. You should take it"

Uit bogenoemde aanhaling word hierdie soort gedrag as aanvaarbare gedrag voorgehou!

MAAR BOELIEGEDRAG MAG NOOIT AANVAAR WORD NIE

Enige kind / persoon kan die teiken van 'n Boelie word. Wie is die boelie?

'n Boelie is daardie kind / persoon wat ander kinders, onderwysers of selfs ouers voortdurend terg, spot, verneder, byname gee, beskinder, opsetlik vermy, te verstoot, magsposisie misbruik en met die doel om seer te maak, te slaan, skop, seksueel teister, of gewelddadig optree. Voorts is 'n Boelie iemand (**NIE NOODWENDIG 'N KIND NIE,**) wat ander kleuters se besittings (**SOWEL AS EIENDOM VAN DIE SKOOL**) verniel en beskadig of selfs steel. Of ander kinders / kleuters se kos of lekkers neem, of wat ook ander dreig, intimideer, intimiderende woorde of sinne / beledigings of vals beskuldigings vir ander kleuters sê.

2. BEGRIPSVERKLARING

'n Leerder word geboelie wanneer so 'n persoon herhaaldelik oor 'n tydperk geviktimiseer word deur een of meer persone by wyse van afknouery wat tot beserings mag lei, of 'n verbale aanslag wat emosionele letsels tot gevolg kan hê.

Die proses vind nie toevallig plaas nie – dit geskied doelbewus en word deur deeglike beplanning gekenmerk!! (Selfs in die kleuterskool) Boeliery word gekenmerk deur drie elemente:

- Aggressie
- Oorwig van mag tussen bullebak en slagoffer
- Fisiese pyn en emosionele skade

Die doel van afknouery is om met mag beheer oor 'n ander persoon te kry by wyse van fisiese- of emosionele aggressie. Boeliery kan die volgende formaat aanneem:

- Fisiese afknouery (Bv. soos vuisslaan, byt, klap, knyp, hare trek, gooi met voorwerpe, soos speelgoed wat kan seermaak, vandalisme, ens.)
- Verbale afknouery – negatiewe opmerkings, byname, aanhoudende tergering oor 'n lang tydperk, gespottery, ens.
- Sosiale uitsluiting – wanneer 'n slagoffer doelbewus uitgesluit word van sosiale aktiwiteite (Kleuters sluit maklike doelbewus en openlik maatjies uit en dit is traumaties vir ander

- kleuters)
- Seksuele teistering
- Skade aan eiendom
- Dreigemente
- Kuberboelies (Skokkend! Maak seker dat u kleuter NOOIT in besit van 'n selfoon is nie. Daar is 'n ouderdomsbepanking van 13 jaar op die deelname aan whatsapp. Maak ook seker dat ouer kinders nooit u kleuter by sulke aktiwiteite betrek nie).

3. DIE AARD EN OMVANG VAN LEERDERBULLEBAKKERY

Die persepsie dat afknouery deel van die grootwordproses is, het verreikende implikasies:

- Slagoffers is onwillig om ouers / leerkragte in te lig dat hulle afgeknou word.
- Slagoffers vrees weerwraak van 'n bullebak indien hy / sy inligting aan ouers / leerkragte sou oordra.
- Sommige leerders voel dat hulle in staat behoort te wees om die probleem self te hanteer.
- Persepsie by leerders dat opvoedintervensie die slagoffer se situasie sal vererger.
- Boelie is soms so subtiel dat dit moeilik is om te verwoord.

Voorafvermelde faktore lei daartoe dat opvoeders en ouers onbewus is van die vlakke van bullebakkerie waaraan hulle kinders blootgestel word. Fisiese afknouery vind veral tussen seuns plaas, terwyl verbale afknouery veral onder dogters gevind word.

4. REDES VAN BULLEBAKKERY

In die Kleuterskool word geboelie:

- met die doel om speelgoed vir myself te kry, want kleuters leer nog wat "deel" of "beurte maak" presies beteken;
- met die doel om my plek te verseker;
- met die doel om die maatjie vir myself te hê;
- omdat kleuters nog leer hoe om emosies te verwoord;
- omdat die kleuter nie 'n situasie te kan hanteer nie, want hy / sy het nog nie al die sosiale vaardighede aangeleer nie;
- omdat die kleuter 'n posisie van mag wil demonstreer;
- omdat die kleuter deur ander persone tuis of elders ook afgeknou word;
- omdat kleuters te laat gaan slaap en dikwels moeg is en geïrriteerd voel
- omdat kleuters onsekerheid en opgehoopde aggressie binne-in hulle kan rondra.

5. VERREIKENDE IMPLIKASIES VIR DIE SLAGOFFER

- Vrees skool – wil nie meer skool toe gaan nie
- Onnodig afwesig by die skool
- Lae selfbeeld en uiteindelik depressie
- Fisiese en emosionele skade
- Sosialiseringsprobleme, omdat kleuters nie met die slagoffer wil speel nie, dikwels om liewer in die boelie se goeie boekies te bly;
- Afwykende gedrag, soos bv. bednatmaak, ens.

Om ander leerders te boelie, gee aan die bullebak 'n gevoel van mag en in beheer wees. Hulle het min of geen empatie met slagoffer en wanneer die bullebak sy / haar gedrag konfronteer word, sal

hulle hulself verdedig deur ontkenning of leuens.

Bullebakke kom gewoonlik uit huise waar geweld en selfs aanranding tussen gesinslede aanvaarbaar is. Dit is ook gewoonlik kinders voor wie die ouers grootmenspraatjies praat; of waar probleme opgelos word deur bv. sleg te praat van 'n onderwyser of van ander ouers wat ook aan die kleuter bekend is.

Anders as wat algemeen aanvaar word, beskik boelies oor 'n goeie selfbeeld. Die slagoffer daarenteen is gewoonlik angstig, onseker van hom / haarself. Dit is ook 'n versigtige kleuter met 'n lae selfbeeld en is meestal sosiaal geïsoleerd.

6. WAAR EN HOE KOM BOELIERY VOOR

- 'n Leerder word deur 'n ander leerder geboelie.
- 'n Leerder word deur 'n groep leerders geboelie.
- 'n Leerder kan in die klaskamer, tydens wisseling van periodes, op die speelterrein /sportveld geboelie word.
- By die kleuterskool waar die kleuters op die speelterrein speel, onderlangs en agteraf waar hulle dink niemand hulle kan sien nie.
- In die badkamers.

7. ROL VAN LEERKRAGTE IN BULLEBAKPROSES

Omdat bullebakkery oor 'n breë spektrum heen as 'n normale gedragspatroon aanvaar is, sal leerkragte hulle strategieë rondom voorkoming van bullebakkery drasties moet verander. Elke leerder het die reg om onderrig in 'n veilige milieu te ontvang. Opleiding om onderwysers te bemagtig om bullebakkery te hanteer, is van uiterste belangrik. Opvoeders sukkel dikwels om te besluit of kinders besig is om mekaar af te knou en of hulle besig is om net te speel / terg.

8. OPVOEDERS AS DEEL VAN BULLEBAKKERY

Sommige opvoeders kan direk verantwoordelik gehou word vir skending van kinderregte. Dit is kommerwekkend dat 55,83% van onderwysers wat aan die proses deelgeneem het, kinders al verbaal geviktimizeer het.

Volgens die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders se gedragkode, moet opvoeders:

- Gesag met empatie uitoefen
- Enige vorm van vernedering vermy
- Hulle weerhou van seksuele teistering
- Hulle weerhou van kwetsende aanmerkings
- Geen vorm van aanranding / lyfstraf mag toegedien word nie.
- Voldoende en behoorlike toesig bewerkstellig.

9. STRATEGIEË OM BULLEBAKKERY AAN TE SPREEK

In die Kleuterfase van ontwikkeling weet kleuters nog nie wat aanvaarbare gedrag is nie, daarom is dit **nou reeds belangrik** om kleuters gou bewus te maak daarvan sodra haar/sy gedrag:

- ontwrigtend en onaanvaarbaar is; omdat dit ander kleuters laat huil of ontstel;
- selfs teenoor onderwysers aggressief is, bv. skop, slaan, byt, knyp, stamp;
- negatief teenoor personeel is, bv. op hulle skree, of doelbewus ignoreer wanneer hulle reggehelp moet word.

Dit bly die verantwoordelikheid van die skool om goeie dissipline en gedrag onder die leerders te vestig en veral toe te sien dat leerders in 'n veilige skoolomgewing onderrig ontvang.

Dit is die taak van ELKE onderwyser by die skool. In dié verband is dit belangrik om alle belangegroepes te betrek sodat 'n gesonde en veilige skool-klimaat gevestig kan word, sodat leer sinvol kan plaasvind.

Aangesien die onderwyser slegs ongeveer 5 ure van 'n dag met u kleuter te doen het, is **die samewerking van Ouers as die ander belangriker rolspeler in die opvoedingsproses belangriker as die rol van die onderwyser. Sonder die betrokkenheid van ouers kan bullebakkerie nooit gestop word nie.** Na skoolure is dit die **OUERS** se plig om hul kleuters ten alle tye te leer wat aanvaarbare gedrag is.

10. WAT IS DIE ROL WAT DIE SKOOL SPEEL?

- Betrek ander belangegroepes (Ander belangegroepes is eerstens die ouers en dan nasorgpersoneel of ander toesighouers waar die kleuter gelaat word in werksure van hul ouers).
- Vestig gesonde kommunikasiekanale tussen veral die opvoeders en die ouers.
- Skakel ongesonde kompetisie/wedywering tussen leerders uit.
- Tree **onmiddellik op wanneer konfliktsituasies** geïdentifiseer word.
- Luister met empatie na wat **BEIDE** partye sê.
- Skoolreëls moet bullebakkerie streng verbied.
- Ernstige gesprekke met bullebakke en slagoffers asook met hul ouers.
- Klasmaats moet aangemoedig word om konfliktsituasies voortydig onder die aandag van onderwysers te bring.
- Deugde soos vriendskap en vriendelikheid, bedagsaamheid en verdraagsaamheid en plein goeie maniere teenoor maats en ander volwassenes, moet **tuis en by die skool**, aan kleuters **gedemonstreer** en geleer word. Wanneer kleuters aan hierdie positiewe deugde blootgestel word sal hulle dit wel aanleer — **en nie deur preke nie!**
- **Insidente moet getrou aangeteken word.** Lig die ouers gereeld in indien u insident aangeteken het sodat hulle betyds besef dat die kleuter se gedrag nie altyd in die klas of op die speelterrein aanvaarbaar is nie.

11. HOE WORD HIERDIE BELEID IN DIE KLEUTERKLASSE TOEGEPAS DEUR PERSONEEL?

- Sodra onaanvaarbare gedrag vir die eerste keer opgemerk word, moet die kleutertjie mooi met liefde en empatie, verduidelik word waarom dit maatjies laat huil en ook Juffrou se hart baie seermaak.
- Indien die gedrag dan steeds na die waarskuwing op daardie dag plaasvind, verwyder dan dadelik die kleuter uit die groepie waarin hy/sy speel.
- Verduidelik dat hy/sy nie kan speel as hy/sy ander kleuters bv. seermaak nie.
- Laat betrokke kleuter alleen sit, maar onder toesig, die kleuter mag opstaan sodra hy/sy bedaar het en self sê dat hy/sy sal "reg" speel; of die kleuter kan opstaan wanneer die leerkrag dit goedkeur.
- Gee daarna dadelik 'n aktiwiteit wat die kleuter vir 'n ruk alleen kan doen. Vra dan vir kleuter of hy/sy reg is om nou lekker te speel. Plaas die kleuter dan iewers tussen kleuters in 'n klein groepie. Onderwyser moet die situasie dan goed dophou.
- Indien die kleuter se gedrag nie verbeter nie en die kleuter steeds maats afknou, die klas ontwrig of aanhoudend onaanvaarbare gedrag toon, skakel die ouers, verduidelik die

situasie en vra die ouer om die kleuter vir die res van die dag huis toe te neem. Maak seker dat hulle verstaan dat die kleuter weer die volgende dag welkom is, maar dat sodanige prosedure weer herhaal sal word indien dit nodig is.

- Indien 'n kleuter se gedrag die volgende dag nie aanvaarbaar is nie, kan die ouers gevra word om die kleuter vir twee dae tuis te hou. Ouers moet aan kleuter verduidelik dat hy/sy by die huis bly, omdat hy/sy nie reg, versigtig of mooi met ander maatjies speel nie.
- Ouers moet ook verstaan dat die optrede 'n poging is om die kleuters te help verstaan wanneer gedrag onaanvaarbaar is.
- Sou hierdie proses maar net weer herhaaldelik voorkom, sal die Onderwyser en Beheerliggaam met die ouers 'n afspraak maak om aan te beveel dat die kleuter tydelik vir 'n kwartaal uit tuis gehou word.
- Intussen word ouers versoek om hulp of berading van professionele mense te kry. 'n Verslag van sodanige hulpverlening, moet by skool ingehandig word; of die ouers kan self tuis harder aan die situasie werk deur moontlik die huisreëls hersien en aan te pas, sodat die kleuter meer voorbereid kan wees vir die klassituasie.
- Daarna gee ons graag weer die kleuter 'n kans gee.
- Indien die proses dan weer tot sover sou herhaal, sal die ouers deur die Beheerliggaam gevra word om kleuter by 'n ander Kleuterskool in te skryf.

12. INSPRAAK OP ANDER TERREINE VAN ONS SKOOL

Aktiwiteite wat ons skool aanbied:

- Verjaarsdagkringe
- Konsert
- Ander publieke kleueroptredes
- Uitstappies/instappies

Indien kleuters gedurende bogenoemde aktiwiteite dit onmoontlik maak dat die doel van sodanige aktiwiteit na behore bereik kan word, of ander kleuters verhinder word om die geleentheid ten volle te kan benut óf te geniet, sal die kleuter onmiddellik uit die aktiwiteit geneem word. Die ouers sal dan gevra/geskakel word om die kleuter te kom haal, waar ookal die aktiwiteit gebeur. Daarbenewens ontnem sulke gedrag ook die vreugde en sinvolheid van sodanige aktiwiteit vir die Leerkrag sowel as ander betrokke partye én die res van die kleuters.

**ONS KLEUTERSKOOL IS 'N PLEK WAAR ALMAL
GELUKKIG, VEILIG, GEBORGE, ÉN TEVREDE WIL VOEL.
DAAROM GEE MY TEMPERAMENT
MY NÓÓIT ÓÓIT DIE REG TOT WANGEDRAG NIE.
DAAROM KAN OPVOEDERS EN OUERS DIT NOOIT NET DAAR LAAT NIE.**

*Watch your thoughts, they become words.
Watch your words, they become actions.
Watch your actions, they become habits.
Watch your habits, they become character, it becomes your destiny.*

Patrick Overton

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20_____

Handtekening van die Voorsitter van Beheerliggaam: _____

Paraaf van ander lede van die Beheerliggaam: _____

Handtekening van die skoolhoof en personeel: _____

Handtekening van die vader/voog: _____

Handtekening van die moeder/voog: _____